**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 1 EENHEID 3: DIE BASIESE EKONOMIESE PROSESSE**
(Produksie, handel, verbruik)

*Lees die onderstaande probleem en antwoord die vrae wat daaarop volg:*

’n Boer, mnr Basson, besluit om ’n (a) stuk sanderige grond op sy plaas te gebruik om (b) aspersies te verbou. Aspersies word as besondere gesonde voedsel beskou en word deur (c) dieetkundiges aanbeveel. Die plante word deur twee werkers met die hand geplant en met ’n drupbesproeiingstelsel van water voorsien. ’n (d) Derde werker se enigste taak is om die aspersies te knip en te verpak. (e) Mevrou Basson is verantwoordelik vir die verkope van die aspersies. Mnr Basson meen as hierdie poging ’n sukses is, hy (f) slegs aspersies op sy plaas sal verbou en selfs (g) aspersies na Botswana sal uitvoer. Die (h) Abra-masjien waarmee aspersies geblik kan word, sal dan aangekoop moet word.

1 Watter soort eindproduk is aspersies met betrekking tot duursaamheid? (b)

____________________________________________________________

2 By watter soort produksieaktiwiteit is dieetkundiges betrokke? (c)

____________________________________________________________

3 Die werker wat net knip en verpak is ’n vorm van (e) ... spesialisasie in produksie.

____________________________________________________________

4 Watter soort produksieaktiwiteit is die verbouing van aspersies? (b)

____________________________________________________________

5 Watter soort spesialisasie in produksie is betrokke by (f)?

____________________________________________________________

6 As die aspersies uitgevoer word, op watter soort mark sal dit verhandel word? (g)

____________________________________________________________

7 In watter soort mark funksioneer verkopers soos mev Basson? (e)

____________________________________________________________

8 As mnr Basson addisionele grond wil koop vir die verbouing van aspersies, in watter een van die drie basiese markte sal hy dit vind?

____________________________________________________________

9 As watter soort goed kan die Abra masjien geklassifiseer word? (h)

____________________________________________________________